# DIE SKIETLOOD

195e Uitgawe 22 Oktober 2021

saam met Koersvas 195


## Die Dordtse Leerreëls

**Tweede hoof leerstuk; Die dood van Christus en die verlossing van die mense deur Sy dood.**

**Teks 2**. *Die Sinode verwerp die dwaling van hulle wat leer: Dit was nie die doel van die dood van Christus om die nuwe verbond van die genade werklik deur sy bloed te bevestig nie. Dit was alleen maar om vir die Vader eenvoudig die reg te verwerf om opnuut met die mense 'n verbond van die genade of van die werke, net soos Hy wil, te kan sluit.*

*Die Sinode leer: Dit is immers in stryd met die Skrif wat leer dat Christus Borg en Middelaar geword het van 'n beter, dit wil sê, van die nuwe verbond (Hebreërs 7:22) en dat 'n testament eers by 'n sterfgeval geldig is (Hebreërs 9:15,17).*

*Qui docent, 'Non fuisse hunc finem mortis Christi, ut novum gratiæ fœdus suo sanguine reipsa sanciret, sed tantum, ut nudum jus Patri acquireret, quodcunque fœdus, vel gratiæ, vel operum, cum hominibus denuo ineundi.' Hoc enim repugnat Scripturæ, quæ docet, Christum melioris, id est, novi fœderis Sponsorem et Mediatorem factum esse.. Et, Testamentum in mortuis demum ratum esse.*

**Verklarende kommentaar**

R. Scott Clark stel dat die gesprek gaan oor dit wat ons kan weet - ons kennis oor God en Sy raadsplan: Daar is diegene wat in rasionalistiese gees beweer dat hulle God se denke kan ken. Die Remonstrante se argument het daarop gesinspeel dat ons die Evangelie verkondig aan diegene wat deur die Vader geroep is - iets wat ons nie weet nie. Dit is eers by geloof wat die gelowige besef dat God geroep het - *a posteriori* - na die gebeurtenis. Dit is al meermale in hierdie kommentaar aangedui; die Dordtse leerreëls beskryf 'n situasie wat geld binne die geloofsgemeenskap en kan nie gebruik word in enige uitreik of sending gesprek nie. Hierdie leerstuk hoort tuis binne 'n verwysingsraamwerk wat geloof-sekerheid oordink.

Daarteenoor is die standpunt dat ons net dit kan weet wat God aan ons openbaar. Hierdie onderskeid is belangrik in die gesprek. Dit is egter belangrik om te onthou dat God getrou is, met ander woorde dat God meer is as Sy openbaring, maar nie anders is as die openbaring nie. Daarmee saam die verskering dat ons alles weet ten opsigte van ons saligheid.

Een van die Remonstrasie leerstukke wat erg aanstoot gegee het, was juis die leerstuk oor die betekenis en die impak van Jesus se dood aan die kruis. Protestante se wekroep 'Christus alleen' kom onder andere in die loep. Wat hier ter sprake is, is die verskil tussen kongruente meriete teenoor soenverdienste deur Christus alleen.

Kongruente meriete - Hierdie standpunt van die Remonstrante beweer dat God die gebrekkige meriete van die mens aanhelp en volledig maak. Met so 'n benadering het Jesus net dit moontlik gemaak vir God om op 'n nuwe manier met mense saam te werk om hulle saligheid te verseker.


Christus se afgehandelde werke en meriete - In antwoord op die Remonstrasie bevestig die Dordtse leerreëls dat ons saligheid nie 'n werk in

wording is nie, maar reeds aan die kruis afgehandel is. Jesus se soenoffer het nie 'n moontlikheid geskep nie, maar 'n werklikheid wat omhels word deur elkeen wat glo.
Indien Jesus Christus die enigste weg na die Vader is, volg dit logies dat die Vader elke mens tot verantwoording sal roep ten opsigte van daardie mens se verhouding met Jesus Christus.

**Teks** *3. Die Sinode verwerp die dwaling van hulle wat leer: Christus het deur sy voldoening vir niemand met sekerheid die saligheid verdien nie; ook nie die geloof waardeur hierdie voldoening van Christus kragdadiglik tot saligheid toegeëien word nie. Hy het daarenteen, slegs die mag of die volkome wil vir die Vader verwerf om opnuut met die mense te handel en om nuwe voorwaardes, soos Hy wil, voor te skrywe. Die uitvoering daarvan sou van die vrye wil van die mens afhang. Dit sou dus kon gebeur dat óf niemand óf alle mense dit sou vervul. Die Sinode leer: Hierdie mense minag die dood van Christus volkome en aanvaar op geen wyse die vernaamste vrug of weldaad wat daardeur verkry is nie. Hulle roep weer die dwaling van Pelagius uit die hel terug.*

*Qui docent, 'Christum per suam satisfactionem, nullis certo meruisse ipsam salutem et fidem, qua hæc Christi satisfactio ad salutem efficaciter applicetur, sed tantum Patri acquisivisse potestatem vel plenariam voluntatem, de novo cum hominibus agendi, et novas, quascunque vellet conditiones, præscribendi, quarum præstatio a libero hominis arbitrio pendeat, atque ideo fieri potuisse, ut vel nemo, vel omnes eas implerent.' Hi enim de morte Christi nimis abjecte sentiunt, primarium fructum seu beneficium per eam partum nullatenus agnoscunt, et Pelagianum errorem ab inferis revocant. (Pelagius se dwaling verwerp in konsilie van Efese 431vC)*

**Verklarende kommentaar**
Dieselfde saak word in hierdie paragraaf vanuit 'n ander perspektief bespreek. Die hart van die Evangelie is hier ter sprake. Wat het Christus kom doen? Volgens die Remonstrante het Jesus nie die sekerheid van die saligheid bewerkstellig nie, en ook nie die mens se geloof opgeroep nie. Jesus se koms, dood en opstanding kom volgens die Remonstrante neer op die oopmaak van 'n nuwe deur. Voor Christus was God volgens hulle gefnuik en kon op net een manier (deur die Wet) met die mens handel. Jesus se koms het dan dit weer moontlik gemaak vir God om Sy volkome wil te laat geskied. Die saligheid word tot die objektiewe genade reduseer (Objektiewe heil - Christus het vir almal se sondes gesterf; Subjektiewe heil - Christus het vir my sondes gesterf). Sodanige siening dryf 'n wig tussen genade en geloof. Dit maak die soenoffer van Jesus minder as wat dit was. Genade word 'n onvoltooide daad van God wat in samewerking met die verdienstelike mens tot volheid gebring kan word. Vanuit 'n sekere perspektief kan dit dan met die volgende sketse uitgebeeld word:




**Remonstrante:**

Genade Verdienste

40% 60%


En enige ander kombinasies wat op 100% uitkom die oomblik wat genade minder as 100% is



**Logiese gevolg:**

Genade Verdienste

0% 100%



Teenoor die spesifieke genade van sonde vergifnis en redding, beweer die Remonstrante dat die genade 'n fokusverskuiwing is wat in vaagheid verval. Dit is by die optrede van die mens wat genade in aksie kom.

Die vrye wil van die mens word in hierdie benadering die sleutel tot die toepas van die genade. Dit is God wat die genade aanbied. Die mense kan almal besluit om nie die genade aan te neem nie. In dieselfde asem is dit moontlik vir alle mense om die genade aan te neem. Die praktiese gevolg van hierdie benadering is dat die genade van God by die afgrond van die menslike vrye wil geplaas word. Dit kom daarop neer dat Christus in teorie vergeefs aan die kruis gesterf het omdat niemand die genade aangegryp het nie.

Die Dordtse leerreëls gebruik hier radikale terme om die dwaling wat na vore kom, aan te dui. Pelagius het (amper 12 eeue voor die sinode) reeds gehoor dat hy dwaal. Die Remonstrante word nou beskuldig dat hulle dieselfde leer uit die hel (oorsprong en waar dit hoort) uit trek.

Geloof as 'n gawe van God, word in hierdie benadering afgespeel teen die vrye wil van die mens. Dit is logies watter een gaan wen in die hart van die opstandige mens. Die kern van die Evangelie (dood en opstanding van Christus) word deur hierdie valse teenstelling verloën. Daarmee saam word die eerste vrug van hierdie genadedaad (geloof) van die tafel gevee.